LAER VOLKSKOOL
GRAAFF-REINET

NUUSBRIEF
Nommer 11
12 April 2019

UIT DIE KANTOOR

Geagte Ouers

EPOS
Daar is 'n epos as kommunikasie tussen die ouers en die beheerliggaam geskep. Die adres is lvsbl1820@gmail.com, indien u enige navrae aan die beheerliggaam wil rig. Navrae in verband met koshuisaangeleenthede kan ook na hierdie epos gerig word. Dit sal deurgegee word aan mnr Hendrik Wolfaardt.

MNR D JOUBERT (SKOOLHOOF) SE EPOS ADRES HET VERANDER
hoof@laervolkskool.org

OUPA- EN OUMADAG 18 APRIL 2019
Ons hou Karnival! Ons wil vir Oupa's, Ouma's en leerlinge wat dit bywoon aanmoedig om 'n Karnival hoed te dra. Leerlinge trek "civvies" aan, maar bring tasse soos normaal. Die geleentheid is van 10:00 to 12:00.

Graad 1 – 3 sal om 12:00 verdaag. Graad 4 – 7 sal normaal klasse bywoon tot 10:00 en daarna weer vanaf 12:00. Die res van die leerlinge wat nie aan Oupa en Oumadag deelneem nie, kan met skoolsweetpakke/LO drag en tekkies skool toe kom. Hulle gaan stap terwyl die verrigtinge in die saal plaasvind. Leerlinge sal dus geen akademiese werk misloop nie.

18 APRIL – BAIE BELANGRIKE REëLINGS VIR DIE HELE SKOOL
Leerlinge wat nie die Oupa en Oumadag bywoon nie, kan met skoolsweetpakke/LO drag en tekkies skool toe kom. Ons gaan tussen 10:00 en 12:00 stap. Alle leerlinge bring hulle tasse soos normaal. Klasse sal steeds voor 10:00 en na 12:00 (Gr 4 – 7) plaasvind.

WISKUNDE : HERSIENINGKLASSE (GRAAD 6 / GRAAD 7)
Daar is Wiskunde Hersieningsklasse vanaf 13:30 – 14:20 op die volgende datums by mev Oosthuizen:

Graad 6		Graad 7	
Donderdag	25 April 2019	Donderdag	2 Mei 2019
Donderdag	9 Mei 2019	Donderdag	16 Mei 2019

COMPU-IQ
U ontvang vandag bogenoemde vorms, voltooi asseblief en stuur terug op Maandag, 15 April 2019. Indien u nie sou belangstel, stuur asseblief onvoltooide vorms terug na klasonderwyser.

FINANSIëLE HULP
Ouers wat aansoek gedoen het om finansiële hulp en nog nie gekontak is nie, moet asseblief vir mev Luiters by 049 8910534 dringend skakel.

BORG
Fourie's Vervoer is hierdie jaar die borg van die o.13A netbalspan. Ons is ongelooflik dankbaar vir hul baie ruim borgskap om ons span uit te rus in hul pragtige nuwe wedstryddrag.

SPORT

BURGERSDORP UITSLAE

HOKKIE
Baie geluk aan al die dogters met julle mooi uitslae teen Burgersdorp. Ons is trots op julle!

Span	Laer Volkskool	Burgersdorp
0.7	0	2
0.8	5	0
0.9	5	2
0.10	2	2
0.13B	0	1
0.13A	2	0

RUGBY

Span	Laer Volkskool	Burgersdorp
0.7 (1)	15	10
0.7 (2)	35	0
0.9B	20	10
0.9A	14	35
0.11A	67	0
0.13A	28	0

NETBAL

Span	Laer Volkskool	Burgersdorp
0.8	5	1
0.9	1	4
0.10	6	5
0.11A	8	4
0.11B	2	7
0.13C	2	15
0.13B	6	5
0.13A	7	31

HOKKIE
Almal is baie opgewonde oor Claudia Cooke ons nuwe hokkie afrigter by die Hoërskool en ook die hokkie koördineerder van Volkskool. Dis 'n wonderlike geleentheid vir al ons kinders by LVS.
Elke Vrydagmiddag vanaf 12 April 2019 om 16:00 – 17:00 op Union se Astro gaan sy GRATIS hokkie-afrigting aanbied vir al ons kinders.

ALMAL IS WELKOM. MAAK ASB VAN DIE GELEENTHEID GEBRUIK!

ONTWIKKELING HOKKIE 0.13
Hierdie ontwikkeling sal op Donderdagmiddae vanaf 15:00 – 16:00 op Laer Volkskool se velde plaasvind. Maak asseblief van hierdie geleentheid gebruik.

NETBAL
Jaydene Vaaltyn is tydens die Sarah Baartman Netbalproewe gekies om aan die Winterspele deel te neem. Baie geluk!

SWEM
Anrich Nieuwoudt het verlede week in Oos Londen aan die SA Level 2 Streeks Kampioenskappe deelgeneem en die volgende plekke en medaljes behaal. Hy het 6 Silwer en 1 Brons Medalje gewen.

Die uitslae is as volg:

100m Vryslag	2de
50m Vryslag	5de
50m Vlinderslag	4de
200m Vryslag	3de
100m Rugslag	9de
100m Vlinderslag	6de

Hy het ook aan 5 Aflosse waar hulle alles Silwer gewen het, deelgeneem. Baie geluk!

TWEEKAMP
Uitslae van die SA Tweekamp Kampioenskappe wat gedurende die vakansie in PE gehou was.

Naam en van	Ouderdom	Uitslag
Hannes vd Merwe	o/11	49/85
Joshua Kritzinger	o/11	63/85
Aiden Thiart	o/11	40/85
Carlien Oosthuizen	o/9	35/49

Baie geluk aan die atlete. Hierdie leerlinge ontvang volle erekleure.

TENNIS
Maandag, 8 April 2019 het die 1ste dogterspan en ‘n gekombineerde 1ste/2de seunsspan teen Union gespeel. Die spelers het baie goed gespeel. LVS se dogters het 6 – 3 verloor terwyl die seuns 6 – 3 gewen het. Dankie seuns en dogters vir goeie spel.

Woensdag, 10 April 2019 het die o.10 dogters en seuns teen Union Prep gespeel. Die ouer en meer ervare spelers kon weens netbal en rugbyverpligtinge nie speel nie. Ons het dus met ‘n baie jong span gespeel. Wat ‘n verrassing. Hulle het hul uitstekend van hul taak gekwyt. Beide die seuns en dogters het verloor, maar hulle het almal baie goed gespeel en dit baie geniet. Dankie seuns en dogters ons is baie trots op julle.

GRAAD 1 TENNIS
Daar is tennis vir Graad 1 leerlinge op Maandag, 15 April 2019. Juffrou van Wyk sal hul afrig.

RYNEVELD UITSLAE
RUGBY

Span	Laer Volkskool	Ryneveld
o.9A	27	7
o.11A	54	0
o.13B	17	0

NETBAL

Span	Laer Volkskool	Ryneveld
o.9	8	4
o.10	13	0
o.11	10	11
o.13B	7	3
o.13A	5	7

BELANGRIKE DATUMS

Rugby:
o.12 Proewe Datums:

- **Maandag 10 Junie 2019:** o.12 Zone Proewe (dorpspanne).
- **Maandag 15 Julie 2019:** o.12 Karoo Proewe by Laer Volkskool om 13:30.
- **Vrydag 19 Julie 2019:** o.12 OP Proewe in Despatch om 13:00.

o.13 Proewe Datums:

- **Maandag 8 April 2019:** o.13 Zone Proewe (dorpspanne) by Laer Volkskool om 14:00.
- **Dinsdag 16 April 2019:** o.13 Karoo Proewe by Laer Volkskool om 13:30.
- **Dinsdag 24 April 2019:** o.13 OP Platteland Proewe by Gill College om 13:00.

Rugby en Netbal Datums teen Graaff-Reinet Skole:
`n Vasgestelde datum sal nader aan tyd deurgegee word aan spelers. Hier is die voorlopige datums van wedstryde met skole in die dorp.

- **8 – 11 April :**Ryneveld vs LVS
- **15 -18 April :** Union vs LVS
- **23 –25 April :** LVS vs Isibane
- **29 –2 Mei :** LVS vs Thembalesizwe
- **6 –9 Mei :** LVS vs Graaff-Reinet Primêr
- **13 –16 Mei :** Lingcom vs LVS
- **20 –23 Mei :** Kroonvale vs LVS

HIERDIE DATUMS IS EKSTRA WEDSTRYDE WAT DEUR DIE WEEK GESPEEL WORD, DIT VERVANG GEEN NAWEEK-WEDSTRYDE NIE!

Sunridge, 18 Mei, se wedstryd is weg (PE).

ADVERTENSIES

TROTS VOLKSKOOL 'buffs' en rugsakkies

Die wintersport-seisoen is hier! Kom koop jou TROTS VOLKSKOOL 'buff' @ R70 gedurende pouse by Brenda by die kantoor. Leerders mag die 'buffs' tydens sportgeleenthede dra.

Daar is ook rugsakkies beskikbaar @ R50 elk.

Liewe Volkskool Mamma,

Ons bied 'n heerlike kuieraand met 'n dans aan vir elke mamma met 'n seun(s) in Hoër Volkskool.
Laat krul die hare, trek 'n mooi rok aan en kom kuier die aand saam met jou seun(s).
Die Volksie is net langsaan vir die pappa's om te kuier.

Die 0.13 rugbyspan van LVS is ook genooi.

Spanlede van rugbyspanne kan by hul spankapteine bespreek.
Res van die seuns se mamma's kan kaartjies koop by HVS skoolkantoor.

RSVP asb. voor 29 April 2019
Tel. 049 8910514

GEDAGTE VIR DIE WEEK

LIEFDE WAT DUISTERNIS VERDRYF

My hart is u woonplek, Hemelheer,
wil U my van u liefde leer:
u liefde wat alle duisternis verdryf
en wat geen woorde kan beskryf.

Psalm 91 : 1 - 2

D Joubert
Skoolhoof
Epos: hoof@laervolkskool.org
Tel: 049 8910803

PROGRAM

HVS vs KIRKWOOD

LVS vs GRT PRIMêR

SATERDAG, 13 April 2019

RUGBY

A-VELD		C-VELD	
09H00	0/11	09H00	0/7A
10H00	0/13A	09H30	0/9A
11H00	0/16A		
12H00	1ste		

NETBAL

BAAN 1		BAAN 2		BAAN 3	
09H00	14A	09H00	0/11A	09H00	0/7A
09H35	2de	09H35	0/13B	09H25	0/8A
10h10	0/13A	10H10	0/16B	09H50	0/9A
10H45	0/16A			10H15	0/10A

HOKKIE

HVS VELD

12H00	HVS(2DE) VS KIRKWOOD 1STE